Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Die Ossewabrandwag tel nie lidmaatskapkaarte nie, maar harte wat Afrikanerbloed pomp.*

# Die O.B.

*Vir die Ossewabrandwag is daardie Afrikaners ook volksgenote wat buite die Beweging staan.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 18 AUGUSTUS 1943. No. 39.

## Geesdrif kan Nooit Plek Neem van Tug en Ervaring

### Kommandant-Generaal oor Wapendiens

**Generaal Hertzog het kort voor sy heengaan 'n betekenisvolle voorspelling gedoen. Hy het gesê dat in die komende Gesagstaat elkeen sy of haar plek sal vind, nie volgens geld of familie nie, dog volgens sy of haar diensvaardigheid. Hoe hoër die volksgenoot se diensvaardigheid, hoe hoër die sport in die leer wat hy bereik en beklee. En die hele bedoeling van nasionale diensplig is om by elke individu sy algemene diensvaardigheid, benewens sy persoonlike talente, te verhoog en om hom in die volksliggaam in te orden en te voeg, het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, by geleentheid van die A.N.S.-kongres onlangs op Potchefstroom gesê in sy toespraak oor diensplig.**

Die K.G. het onderskei tussen arbeidsdiens en wapendiens, en met verwysing na eersgenoemde gesê dat die aard is werk met pik en graaf aan die eie vaderlandsgrond - bodemkultuur. Dit gaan oor die beskerming van ons land teen wind en weer; erosiewerke, boomaanplanting in groot bosse en dergelike ondernemings, die versorging van die vaderlandsbodem. En wel met pik en graaf, nie geskoolde werk met masjinerie en staal en beton nie, want laasgenoemde is geskoolde arbeid waarvan ander volksgenote hul bestaan moet maak en hul gesinne moet versorg. En in die arbeidsdienskampe word tyd en talent bestee aan liggaamsoefeninge vir die kampgenote en ook aan ideologiese voorligting.

Maar dit is lank nie die enigste morele sin in die instelling van arbeidsdiens nie. Daar is 'n ander wat vloei uit die tydgees — 'n historiese noodwendigheid. Kortliks lê dit opgesluit in die ou spreuk ,,arbeid adelt''.

As mens die misnoeë wat weens onbekendheid tussen sogenaamde klasse ontstaan, in die jongelingsjare kan teenwerk en uitroei, is die sielkundige teelaarde van die klassestryd reeds tot 'n groot mate verwyder. En daarom behoort alle jong Afrikanerseuns 'n maand of ses of twaalf in arbeidsdienskampe deurmekaar geskommel te word, spoorwegman se seun en seun van dokter of dominee of boer of onderwyser of padwerker of mynwerker of wat ook al. **Want een en almal is hulle van een Volk, en een en almal moet hulle sweet en werk aan een vaderland, en met dieselfde pik en selfde graaf en in dieselfde uniform. En die verskil in die kamp is nie tussen klas en klas nie, dog tussen man en man, weens spierkrag of behendigheid — en dis lank nie altyd die gegoede seun wat uitstaan nie.**

#### WAPENDIENS

Wapendiens vloei vanselfsprekend uit arbeidsdiens, want 'n bodem wat werd is om te verbeter en te versorg is ook werd om te verdedig — te handhaaf en te **hou!** Sonder wapengeweld, of die moontlikheid van wapengeweld wat tot eie beskikking staan, is geen volk veilig nie. Ons hoor baie van politiek, maar die soort politiek wat deur die teenstander ontsenu word deur geweld of die dreigement van geweld, is nie net goedkoop nie; dit is volksbedrog. Wat die Voortrekkers in Transvaal goed en bloed voor gegee het, is tot niet gegaan voor Shepstone en 25 Natalse Polisie.

**Trouens, ons kan nie skei tussen ,,politiek'' en oorlog nie, want die een is maar net die voortsetting van die ander met ander middele.**

**Juis dit is die ontmoedigende en byna beskamende verskynsel in wye nasionale kringe vandag, dat hulle hewig en selfs verbitterd stry oor wat hulle WIL hê — die stryd gaan eintlik**

**OOR die doel en nie VIR die doel nie! — maar niemand hou rekenskap met die magte wat vir of teen die bereiking van die omstrede doel gemobiliseer kan word nie.**

Hou tog asseblief op met romantiese fantasië oor wat ons graag sou sien. Onthou. u is nie Geuse en ook nie Hugenote nie en ook nie Voortrekkers nie. Hul nasate, ja, en aan hulle piëteit en dank verskuldig, **maar u is nie hulself nie. En u het ook nie hul tydprobleme nie — dié het hulle deur hul toewyding aangepak en grotendeels opgelos. U het met ander probleme te doen en u val in 'n ander eeu.**

**Dis nie wat ons WIL nie — dis wat ons KAN wat die deurslag gee!** Nie of 'n volk homself **wil** handhaaf en verdedig nie, dog of hy homself **kan** verdedig, desnoods gewapenderhand, — dit gee die deurslag.

(Vervolg op bls. 3, kol. 3)

### Ds. VORSTER TERUG

**Ds. J. D. Vorster wat tot drie jaar tronkstraf veroordeel was nadat hy skuldig bevind was aan oortreding van die Wet op Staatsgeheime, is verlede week uit die Sentrale Gevangenis van Pretoria losgelaat waar hy sy straf op eervolle wyse uitgedien het.**



**Vir die Afrikanervolk in sy stryd teen mag en geweld het die tronk in meer as een opsig 'n verhewe betekenis gekry. Dit het vir baie van ons die toets van volksliefde en vaderlandstrou geword. In hierdie gees wil ons ds. Vorster welkom heet en hom ook gelukwens met die moedige wyse waarop hy sy lot aanvaar het.**

**Volgens uit Pretoria berig word het ds. Vorster gesond, besielend en vol geesdrif uit die tronk gestap. Sy eerste gedagte was om sy volkstaak weer ten volle te aanvaar. Hy het ook 'n boodskap van sy medegevangenes aan die K.G. gebring dat hulle nog trou staan by die Ossewabrandwag.**

## „Daar is Geen Slegte Witmens nie"

### Toepassing van O.B.-Gedagte op Plaas Met Wonderlike Welslae Bekroon

**Die Ossewabrandwag se sosiale gedagte is nie iets van die toekoms nie. Dit is ook geen blote teorie nie. Hierdie waarheid blyk uit 'n heerlike geslaagde proefneming van 'n paar welgestelde Ossewabrandwag-lede in die Boland.**

In 'n vrugbare vallei woon 'n paar broers wat 'n leidende aandeel neem in die Ossewabrandwag. Hulle is groot produsente en beskik oor 'n groot aantal blanke arbeiders. 'n Tyd gelede het hulle besluit om die sosialistiese gedagte van hoederskap op hul plase toe te pas. Hulle het dadelik die salarisse van hul arbeiders aansienlik verhoog, vir hulle pragtige en gerieflike woonhuise gebou. en in die algemeen met groter verantwoordelikheid beklee. Eenmaal per jaar kry hulle verlof en dan gee die eienaar aan hulle 'n stywe tjek om 'n vakansie aan die strand te gaan deurbring. **Die uitslag van hierdie proefneming was 'n wonderlike sukses. ,,Nadat ons hierdie Ossewabrandwaggees toegepas het, het ek tot die oortuiging gekom dat daar geen slegte witmens is nie indien jy hom net goed behandel,'' het een van die broers verklaar.**

**Die ander het vertel hoe hierdie metode weer lewenskrag en verantwoordelikheidsbesef laat posvat het by manne wie se koppe voorheen gehang het. Vandag kan hy sy manne in sy boerdery vertrou met werk wat sy buurmanne nooit sal waag nie. ,,My bevinding was dat ek die geld en aandag wat ek aan die mense bestee het, sesvoudig terugontvang,'' was sy opmerking.**

Die gees van broederskap en hoederskap van die Ossewabrandwag het reeds sy heerlike vrugte afgewerp waar dit toegepas is. Op hierdie plase is eienaar en werksmense gelukkig. Die een besef sy afhanklikheid van en verantwoordelikheid teenoor die ander. Op hierdie plase het arbeid 'n nuwe betekenis gekry en het dit weer 'n lus geword.

### OPLEWING AAN RAND

Ook op die Rand ondervind die Ossewabrandwag tans 'n besondere oplewing. Die volgende voorbeeld spreek vanself.

In kommandantskap E 3/b/3 (Greymont en omgewing) het veldkornet Hansie Jordaan binne 'n paar dae £10 14s. vir die O.B.-Noodhulpfonds ingesamel. Dit is uitstekend as in aanmerking geneem word dat hierdie deel tot onlangs toe nie baie aktief was nie en ook feitlik geen bydrae vir die Noodhulpfonds gelewer het nie. Dit is 'n deel van die stad waar meestal arbeidende Afrikaners woon wat nie oor hoë inkomstes beskik nie.—(Meegedeel.)

### SOMMER DADELIK !

**Na verneem word het die O.B.-vroue van Stellenbosch kort na die pragtige prestasie in verband met 8 Augustus byeengekom om te organiseer vir die volgende 8 Augustus. Hulle is van plan om dadelik te begin werk vir aanstaande jaar. Vir hierdie vroue is daar nie een dag werk en 'n jaar rus nie. In die gees van ons Beweging werk en veg hulle elke dag van elke jaar.**

'N

GULDE GELEENTHEID

IN DIE VOLLE SIN VAN DIE WOORD

Beleggings moet veilig en winsgewend wees, belê daarom u geld in 'n bewese winsgewende besigheid met ses groot takwinkels en twee fabrieke wat almal 'n vaste en groot omset het. Excelsior Meubels het reeds in sy eerste jaar 8% dividend op beleggings betaal, dit verskaf werk aan 80 blankes wat jaarliks £25,000 verdien terwyl die jaarlikse gesamentlike omset van die takke en fabrieke reeds £200,000 beloop.

U gaan ook deelneem in die opbou van hierdie grootste Afrikaanse saak! 'n Prag-brosjure word tot u beskikking gestel wat bewyse lewer van die sukses van

EXCELSIOR MEUBELS BEPERK.

Die Sekretaris — Posbus 6670.
EXCELSIOR MEUBELS BEPERK. — JOHANNESBURG.

Stuur u prag-brosjure asseblief aan

M ..........................................

..........................................

***Hoofartikelblad Advertensies***

**Aankondigings van O.B.-funksies word in hierdie kolom opgeneem teen 10/- per duim.**

# O.B.-MUSIEKBUNDEL.

'n Volk sonder sang . . .
is 'n volk sonder siel ! !

Elke Brandwag behoort die O.B.-MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die ,,Ossewabrandwaglied" moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met passende woorde vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

***Prys 2/6 Posvry.***

3/6 insluitende 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

Bestel nou by:—

**Publicité**
**Handelsreklamediens**
**(Edms.) Bpk.**
**Posbus 4892,**
**JOHANNESBURG.**

## KOOP U EIE

| | | |
|---|---|---|
| **O.B.-Skryfblok** .. .. .. | **2/6** | **elk.** |
| **O.B.-Musiekbundel** .. | **2/6** | ,, |
| **K.G.-Portret** .. .. .. | **1/-** | ,, |
| **K.G.-Knopies** .. .. .. | **1/-** | ,, |
| **Vierkleur-Vlaggies** .. | **1/-** | ,, |

## KENNIS IS MAG ! !

Lees:

(1) Die O.B. Vanwaar en Waarheen .. .. .. .. **1/- elk.**

(2) Gesonde Huisgesinne bou 'n Lewenskragtige Volk **9d. elk.**

(3) Drie toesprake van die K.G. oor
a. Parlementsverkiesing
b. Die Soldate
c. Die Kommunisme .. **9d. elk.**

(4) Lewensbeskrywing en eerste drie toesprake van die K.G. .. .. .. .. .. **6d. elk.**

**OOK DIE VOLGENDE BELANGRIKE BROSJURES:**

1. Demokrasie of Volkstaat (deur dr. P. J. Meyer) **9d. elk.**
2. Arbeidsordening binne die Volksbeweging en Volkstaat .. .. .. .. .. .. **9d.** ,,
3. Toekomstige ordening van die Volskbeweging in S.A. **9d.** ,,
4. Die Vooraand van ons Vrywording .. .. .. .. **9d.** ,,

**Bly op hoogte met die Doel en Strewe van die Ossewabrandwag.**

Bestel dadelik u voorraad by:—

**Publicité**
**Handelsreklamediens**
**(Edms.) Bpk.**
**Posbus 4892,**
**JOHANNESBURG.**

DIE O.B., WOENSDAG, 18 AUG. 1943

# Geestelike Droogte

Van die Kerk het daar voorverlede week 'n ernstige oproep tot die volk gekom om stoflike hulp aan ons volksgenote wat deur 'n swaar droogte geteister word. *Die O.B.* het hom daarby aangesluit en beklemtoon dat dit nie 'n saak van plaaslike omvang is nie. Die hele volk moet hierdie volksgenote te hulp snel. Ons wil vandag verder gaan en daarop wys dat dit nie hier 'n saak van stoflike hulp alleen is nie. Dit was pynlik om in die koerante te lees van die ellende wat soveel gesinne in die aangesig staar, maar nie minder pynlik nie was dit om in die welmenende oproep van ons dagbladpers die geestelike droogte te bemerk wat blykbaar die hart van ons hele volk omklem. Ons moes lees dat hierdie mense die ,,slagoffers van 'n wrede natuur" is, en daarom gehelp moet word. **Is dit die lig waarin ons volk vandag sy ellende sien? Het die tyd nie nou aangebreek dat ons met al die erns tot ons beskikking voorraad moet opneem van ons geestelike lewe nie?**

Ons volk het in die verlede hoogtepunte bereik en sy roem het die wydtes van die aarde omspan, maar hy het, en kon dit alleen bereik omdat hy ook die laagtes geken het van verootmoediging. Selfs in die Tweede Vryheidsoorlog, toe die stryd in die veld alle aandag en inspanning geverg het, het die leiers van die Boerevolk 'n dag van verootmoediging uitgeroep. In die nood het ons volk nog steeds geweet waar om die oorsaak en die hulp te gaan soek. Maar wat sien ons nou? Terwyl ons ganse volk 'n verwarring van Babelse omvang openbaar en groot gedeeltes van ons vaderland tot 'n woestyn verskroei — watter dag van watter jaar was daar nie 'n droogte in een of ander gebied nie? — en terwyl ons die spot van uitlanders geword het, word daar oproepe tot ons volk gerig om ,,die slagoffers van 'n wrede natuur" te red! Geen wonder dat ons ook in ons koerante al heidense frases van **,,soos die noodlot dit bestuur"** moet lees nie! **Die uitspraak oor 'n volk met so 'n taal in sulke omstandighede kan slegs wees: ,,Hy het sy nek hard gemaak". En is dit nie presies wat gebeur nie? In plaas van boetedoening verneem ons die uitdaging aan ,,'n wrede natuur"! In plaas van woorde van skuldbelydenis word 'n mens selfs nog in daardie geteisterde dele teengeslaan met woorde van godslastering.** Ons verwys na die verderflike gewoonte by baie van ons volksgenote om die Naam van die Allerhoogste as 'n stopwoord of — om dit maar prontuit te sê — as 'n vloekwoord te gebruik. Dit is 'n ernstige aanklag teen 'n volk wat daarop roem dat hy die God-gegewe roeping het om die lig van Christelike beskawing in Afrika te dra. Dit is nie ons taak om hier al die sondes van ons volk op te noem nie, maar dit is minstens ons plig om alarm te help maak as daar afgedwaal word.

Dit help nie om soos ,,geleerdes" te wil praat wanneer mens soos sondaars behandel word nie. Ons volk het sekerlik behoefte aan 'n geestelike bad en hoe gouer ons tot die besef kom dat 'n innerlike ontwaking van ons geloofslewe die verwesenliking van ons volksideale moet voorafgaan, hoe gouer sal ons daardie ideale verwesenlik kry. En wat ons, lede van die Volksbeweging betref, ons kan miskien in meer as een opsig met woord en daad toon dat ons leuse is: ,,My GOD, my Volk, my Land." Dan sal ons minstens met groter voordeel die broederhand van hoederskap na ons verdrukte volksgenote kan uitsteek.

Vyf jaar gelede het die Ossewaentjies oral die boodskap gebring: ,,Terug na die huisaltaar!" Ons volk het kort daarna die seën van nuwe ontwaking ervaar, maar vir hoelank? Die hele stryd wat die Ossewabrandwag totsover moes voer staan in die lig van geestelike droogte. Volksverdeeldheid, eerloosheid en eedverbreking — die dinge waarteen ons geveg het en nog veg — is slegs maar die getuienis dat ons volk nog geen gehoor aan die roepstem van vyf jaar gelede gegee het nie. Sal ons tans gehoor gee? Indien nie, staan ons vyf jaar nader aan ons ondergang as toe.

# Min of Meer Belangrik

### *Kapitalistiese ,,Werkers"*

Diamantwerkers het onlangs in Engeland hoër lone deur middel van 'n staking geëis. Tydens geregtelike ondersoek is aan die lig gebring dat hierdie stakers soveel as £30 per week verdien. Nie lank gelede nie het daar in die pers 'n foto verskyn van so 'n diamantslypery. Die gelaatstrekke van die werkers met die hoë lone het 'n duidelike taal gespreek. Dit is seker een van die weinige nywerhede waar 'n mens kapitalistiese ,,werkers" kry.

* * *

### *Stalin se Jaghond*

Volgens die Britse pers het die ,,demokrate" in Italië 'n skaduwee-kabinet saamgestel om maarskalk Badoglio se regering te vervang wanneer hy tot 'n val kom. Die berig voeg by dat hierdie aspirant-kabinet 'n ,,linkse" politiek voorstaan, d.w.s. kommunistiesgesind is. Die goeie ou demokrasie speel dus nog maar jaghond vir Stalin.

* * *

### *Sensor se Werk ?*

'n Groot portret wat op die oog nogal net indrukwekkend lyk met die oopgespalkte baniere, is in die Britse pers opgeneem om te wys hoe die Italiaanse ,,jeug" Mussolini se val gevier het. Dit veronderstel 'n optog deur die strate, maar agter die banierdraers val hul skaduwees op 'n leë straat. Die hele prosessie bestaan uit vyftien vlagswaaiers sonder gevolg, en daarvan is vyf kinders. Ons merk dat die Britse pers klae oor die perssensuur wat die nuwe regering toepas. Moontlik moet die kaal agtergrond toegeskryf word aan die sensor se gepeuter.

### *VERJAARDAGKETTING*

**19 Augustus:** Rachel Kotze (Wolseley), B. F. Rocher (Piketberg).
**20 Aug.:** D. de Lange (Somerset-Oos), Aletta v. d. Byl (Kaapstad).
**22 Aug.:** Christiaan Botha (George), Corrie Marais (Knysna).
**23 Aug.:** Sarie Gerber (George), Anna Nortje (George), Daniel van Dyk (Port Elizabeth).
**24 Aug.:** Frederick Nel (Beaufort-Wes), Vera Kruger (Rust).
**25 Aug.:** Joey Nieuwoudt (Stellenbosch), Susanna Nortje (Beaufort-Wes), Elizabeth Westraad (Kirkwood).

## KOMMANDO VORDER TEN SPYTE VAN DROOGTE

Op Saterdag, 31 Julie, het die manne- en vrouekommando's De Hoop-Armoed Ossewabrandwagdag gevier in die Kerksaal te De Hoop.

Die heersende griep en die vreeslike droogte wat dele van die kommando teister, in aanmerking geneem, was die opkoms goed en die funksie 'n reuse-sukses. Een vet hoender het £3 19s. ingebring. Die bedrag van £50, wat dié van verlede jaar ver oortref, is ingesamel.

Bewys is maar net weer gelewer wat die Afrikaner kan doen as hy saamstaan. Die Boerevrou het weereens bewys van watter staal sy is. Genl. Schoeman, hoofkomdt. Jan Hofmeyr, hoofkomdt. Steinberg en ass.-hoofkomdte. Schoeman was ook teenwoordig.—(Meegedeel.)

## OPGEGAARDE TIEKIES VIR NOODHULPFONDS

'n Dame wat nie lid van die Ossewabrandwag is nie, het £3 wat sy aan tiekies gespaar het, aan die Noodhulpfonds geskenk. Sy is mev. A. W. Bredell. Die bedrag is by kommando A3b6 ingehandig.




MAGTIGE ROLPRENTVERTONING IN KLEUR.

# ,,Die Gedissiplineerde Afrikanerdom"

***DIE PRENT VAN DIE JAAR.***

**Toegejuig deur Tienduisende Afrikaners.**

**Die Eerste 100% Afrikaanse Rolprent van sy Soort.**

- **Verering van Boerehelde.**
- **'n Blik uit die slag van Amajuba.**
- **Die Stille skoonheid van die Wildtuin.**
- **Romantiese toneel in die hoofstad van Oom Paul.**
- **15,000 gedissiplineerde Afrikaners op parade.**

KOM KYK WAT U EIE BEWEGING REEDS PRESTEER HET!

***('n Roaf-Vertoning.)***

**IN KAAPLAND, GEBIED A :**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **MAITLAND** .. .. .. .. | **19 Aug.** | **CALEDON** .. .. .. .. | **25 Aug.** |
| **BELLVILLE** .. .. .. .. | **20 Aug.** | **HEIDELBERG** .. .. .. | **26 Aug.** |
| **KAAPSTAD** .. .. .. .. | **21 Aug.** | **GEORGE** .. .. .. .. | **27 Aug.** |
| **BONNIEVALE** .. .. .. | **23 Aug.** | **OUDTSHOORN** .. .. | **28 Aug.** |
| **MONTAGU** .. .. .. .. | **24 Aug.** | **UNIONDALE** .. .. .. | **30 Aug.** |

# Vertroue in Ossewabrandwag Oral Besig om te Herstel

## 8 Augustus Lewer Bewys van Nuwe Gees

**Die vertroue in die Ossewabrandwag as volksbeweging is besig om vinnig in die hart van ons volk te herstel. Uit alle dele van die land word berig van 'n geweldige oplewing van die Beweging.**

Dit wil voorkom of die bestaan van die Ossewabrandwag 'n kragtige waarborg was vir ons volk om nie moedeloos te word na die vrugtelose parlementêre stryd van onlangs nie. Die verpletterende nederlaag wat ons volk by die stembus gely het, het gedreig om duisende volksgenote totaal te verlam in die stryd. Maar die feit dat die Ossewabrandwag nog daar staan, en meer nog, dat hy 'n groter lewenskrag en geesdrif openbaar as 'n jaar gelede, het die vertroue in die volksaak herstel. Gevoel word dat die hoop op oorwinning nog net so helder brand as ooit te vore. **By die stembus is ons volk wel verslaan, maar in die Ossewabrandwag het ons volk nog 'n buite-parlementêre wapen wat hom tot geen vegterrein van die vyand beperk nie. Die gevolg is dan ook dat honderde Afrikaners weer toestroom tot die Volksbeweging.** Niemand verwyt hulle nie en op byna alle plekke heers daar weer 'n hartlike verstandhouding tussen nasionaalgesinde Afrikaners.

Die viering van 8 Augustus as Ossewabrandwagdag het duidelik geopenbaar dat die Volksbeweging se krisisoomblik agter die rug lê. Sover daar berigte ontvang is, blyk dat daar op alle plekke 'n groot vordering in vergelyking met verlede jaar gemaak is. **In sommige streke is die opbrengste byna verdubbel.** Dit is seker nie die geldelike welslae wat in die eerste plaas dankbaar stem nie. Dit is die kragtige openbaring van geesdrif en volharding. **Die Afrikaners van die Ossewabrandwag het nogmaals met 'n donderende daad getoon dat hulle besig is om te WERK vir hulle vryheid en nie net te praat nie.**

Verlede jaar het die Ossewabrandwag alleen gestaan. Vanjaar kan gekonstateer word dat danksy die verkiesing, ons volk tot die besef gekom het dat ons slegs met verenigde kragte ons doel sal bereik. Op klinkklare wyse het die waarheid hom laat voel dat die parlementêre front sonder die Ossewabrandwag tot mislukking gedoem is, en net so duidelik is dit dat die Ossewabrandwag die samewerking van elke Afrikaner in die stryd nodig het en sal hê. **Dit was dan ook besonder verblydend om te merk hoe daar op byna alle plekke heelhartige ondersteuning verleen is deur talle Afrikaners wat nie aan die Ossewabrandwag behoort nie. Daar is dan ook bykans geen plek wat nie van nuwe aansluitings kan meld nie.** Persone wat oorreed was om te bedank, kom weer terug na hul Volksbeweging. Die verkiesing het aan hulle getoon dat die aanklag as sou die Ossewabrandwag op die Party se terrein beweeg, ongegrond is, want die Ossewabrandwag het geen eie kandidate in opposisie tot die Party gestel nie. Daar kan dus geen botsing wees nie, en oral het O.B.-lede die Party se kandidate gesteun.

Maar ook talle Afrikaners van die Verenigde Party se oë gaan nou oop vir die groter eenheid van die Volksbeweging. Hulle merk dat daar geen kleinlike verwyte teen hulle gemaak word nie, maar dat hulle as volksgenote bejeen word waar hulle voorheen moes verneem dat hulle hanskakies was. Die Ossewabrandwag trek hulle aan en stoot hulle nie weg nie — soos in die partypolitiek die geval was. Tientalle van hulle begin dus ook aansluit.

# Geesdrif kan Nooit Plek Neem van Tug en Ervaring

(Vervolg van bls. 1, kol. 2)

Aan die mense wat meen dat die Afrikaner geen militêre tradisie het nie wil ek sê dat die een ding waaraan die Boerenaam in die wêreld verewig is, is juis ons militêre prestasies in die Vryheidsoorlog. In Duitsland het ek die voorreg gehad om op militêre maneuwers te gaan en het Duitse infanterie sien voortbeweeg in verspreide orde, met gebruik van elke stukkie dekking wat die grond aanbied. **Toe sê die begeleidende offisier vir my: „Das nennen wir Burentaktik". Die tragedie is dat ons volk se enigste militêre tradisie benewens die kommando-stelsel in sy kiem gesmoor is deur die ramp van Vereeniging, nl. die staatsartillerie en die Z.A.R.P.'s. Sedertdien het ons net een militêr geken en dit was die Engelse.**

### ONWAAR

Nou sê oningeligte mense dat elke Boereseun wat uniform aantrek somaar verlore is vir die Afrikanerdom. Dit is onwaar en onregverdig. Laat my een voorbeeld noem wat die hele ding kop inslaan. Een van die beste dinge in ons militêre instelling was die S.D.B. (Spesiale Diensbataljon). In sy kort bestaan het daardie eenheid duidelike en waardevolle spore in ons Volkskarakter getrap. Tog het baie mense hul vir „nagemaakte Engelse" aangesien — en uitgeskel. In sommige studentekringe was daardie S.D.B.-seuns tydens die Eeufees onwelkom, selfs afgesnou. **Maar dit was hulle, die S.D.B., meer as enig iemand anders, wat die kamplewe om monumentkoppie met die Eeufees moontlik gemaak het, deur die honderde en duisende tente op te slaan.** Maar juis die S.D.B.-seuns is deur sommige onkundiges as „Hanskakies" aangesien. **Dog toe die toets kom: „Empire of Suid-Afrika" na 4 September 1939, het ook vir die S.D.B. die toets gekom: „rooi-eed of trap, sonder verdienste". Die Bataljon se sterkte was 2,100 man. Daarvan het oor die 1,800 uitgestap. Ses uit elke sewe man het teen die Empire gekies.** Mag dit die laaste wees wat ons hoor van die „denasionaliserende uitwerking van militêre opleiding".

Nee, onthou dat 'n volk sonder nasionale militêr 'n prooi van andere volke word. Wees realiste en nie dromers nie en **besef dat dit onmoontlik is om die militêr te verafrikaans sonder om die Afrikaner te militariseer.**

Die noodsaaklikheid van militêre tug, dissipline, is so vanselfsprekend dat dit onnodig is om uit te wei daaroor. Laat my net **dit** beklemtoon: die waarde is nie net in die leër nie. Die man neem dit saam ook in sy burgerlike lewe, ook in sy **siele-lewe.** Was dit toeval dat dit juis van 'n gedissiplineerde man, die hoofman-oor-honderd by Kapernaum, dat die Heiland gesê het: „Waarlik, sulke geloof het ek nog nie gevind nie, nee nie in Israel nie"? Maar ons glo nie in toeval nie. **Nee, die dissipline word deel van u sielelewe, en u volk se sielelewe. Dit gee 'n anker wat die volk stabiliseer teen histerie, teen fantastiese optimisme en ewe fantastiese optimisme en ewe fantastiese pessimisme wat beide uit gebrek aan geestelike dissipline vloei.**

Laat my u 'n kort sitaat gee uit 'n boek oor die Tweede Vryheidsoorlog wat die hele punt helder stel. Die boek is deur 'n Franse offisier, wat geveg het onder die Franse kolonel de Villebois-Mareuil, wat aan die Boerekant gesneuwel het naby Bothaville.

Hy skryf oor die paniek wat op die oorgawe van generaal Cronjé te Paardeberg gevolg het. Manne wat nog enige weke tevore heldhaftig op Magersfontein, Belmont, Stormberg geveg het, het uit paniek gevlug sodat niks, geen offisier (en geen vaderlandsliefde ook) hul kon keer nie. **Nie gebrek aan moed nie, dog gebrek aan tug, aan dissipline.** En die skrywer vergelyk dit met 'n historiese parallel van Hongaarse krygsvolk wat ook van paniek oormeester was—luister: „Verander van ywer na mismoedigheid met die snelheid wat eie is aan manne wat staat moet maak op geesdrif in plaas van ervaring." Dit is 'n betekenisvolle gesegde, ook vir die republikeinse Afrikanerdom van 1943! **Geesdrif kan nooit die plek neem van tug en ervaring nie. Trouens, geesdrif is 'n goedkope artikel, soos kaf wat vinnig opvlam, en nog vinniger ineensak.**

# Erwe van Ons Vaders deur O.B. Gekoop — Prestasie van Twee Kommando's

Dit blyk dat die Ossewabrandwag in die afgelope twee jaar van stryd nie alleen daarin geslaag het om homself te handhaaf nie, maar ook nog om terrein te verower. So het die kommando van Bonnievale onlangs die koppie by die dorp waarop ter herinnering van die Ossewatrek die jaartalle 1838-1938 as monument aangebring is, vir die Ossewabrandwag aangekoop. Tans is hierdie gedenkteken van volksontwaking eiendom van die Beweging net soos Amajoeba 'n paar jaar gelede reeds sy eiendom geword het.

Van nie minder belang nie is die prestasie van Montagu se kommando. Hulle het 'n groot perseel in die dorp van 'n Jood gekoop. Dit bestaan uit 'n paar huise en 'n saal sodat die kommando nou sy eie saal het wat ook oopstaan vir alle Afrikaanse organisasies. Die lede was in hierdie onderneming veral besiel met die gees om die erwe van ons vaders terug te koop uit die hande van vreemdes. Byna die helfte van die koopprys is reeds afbetaal.


## Schoemanello Drank . . .

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Jeripigo Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Anys-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Gemmer-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Lemoen-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Peperment-Likeur | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| Van der Hum | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| **JENEVER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |
| Suurlemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN,**

**POSBUS 142, — OUDTSHOORN.**



## MARKAGENTE

Ons is agente en is trots dat ons dit mag wees. Met ons puik organisasie en versekerde afsetgebied kan ons u tevredenheid waarborg want dit is seker — u tevredenheid is die enigste basis van ons sukses!

Eiers, Pluimvee, Groente, Vrugte, Voer en Vee.

**Volkskopermark BPK.**

MÔREMARK, NEWTOWN,
Foon 34-1442, Wolhuterstr. 62,
JOHANNESBURG.



## Belangrike Boeke

**Vername Persone** uit die S.A. geskiedenis, deur Eric Stockenström .. .. .. .. 6/6 p.v.

**Die Afrikaanse Vrou.** 'n Beknopte oorsig van die rol wat die vrou in die geskiedenis van S.A. gespeel het in die jare 1568-1918) deur Eric Stockenström .. .. 6/6 p.v.

**Mietes en Sages** van die Grieke, baie mooi vertel deur Mev. P. van Braam 6/6 p.v.

**Skandinawiese Vertellinge** .. 4/6 p.v.

**Suid-Afrikaanse Soogdiere** deur dr. C. S. Grobbelaar 6/6 p.v.

**Die Stem van die Volk.** Luimig, onderhoudend, leersaam, deur N. G. S. v. d. Walt .. .. .. .. .. .. .. .. 1/6 p.v.

**Saam Verban,** deur Mev. M. J. van Straten .. .. .. 5/6 p.v.

**Stuur u bestelling aan**

**PRO ECCLESIA-DRUKKERY**

Die Laan — Stellenbosch



## Woorde Mag Mooi Wees, Maar Dade Tel . . . . .

● Dit help nie om u mede-Afrikaners net met woorde aan te moedig nie: Ondersteun hulle met dade en stuur al u produkte aan die bekende Markagente

**G. C. du Plessis en Kie.**

**Môremark, JOHANNESBURG.**
Posbus 2817. Foon 33-5060. Tel. Adres: „Duplesko."
Skryf om besonderhede en adreskaartjies.
Bankiers: VOLKSKAS (Koöp.) BPK.



*Ten spyte* van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid

**Damesuitrusting**

by

**Steyns**

PAROW

DIE MODERNE DAMES-MODISTE

L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit.


**Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.**

# GESLAAGDE TOER VAN GENL. J. A. SMITH

## *Belangstelling Neem Toe*

Genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G., het so pas 'n toer deur Oos-Kaapland voltooi wat met 'n skitterende vergadering op Heidelberg verlede Dinsdag afgesluit is. Mooi vergaderings is gehou op plekke soos Pearston, Graaff-Reinet en Aberdeen. Op verskeie plekke is die vyandskap teen die Ossewabrandwag van Empire-kant nog so groot dat daar geen saal of terrein binne die dorp gevind kon word nie. 'n Paar vergaderings moes dus myle ver van die dorpe af in die veld gehou word. **Nogtans was daar 'n pragtige bewys van geesdrif en vertroue. Kenmerkend van die reis was dat daar op byna alle plekke Afrikaners van die H.N.P. teenwoordig was.** Met uitsondering van enkele plekke was dit egter deurgaans die gewone lede van die Party wat blyke van versoening geopenbaar het. Sommige van hulle het hul ontevredenheid uitgespreek oor die feit dat van hul plaaslike leiers nie die uitnodiging aanvaar het om teenwoordig te wees nie.

Genl. Smith het oral pleidooie gelewer vir samewerking en beklemtoon dat die Ossewabrandwag geen wapen verwerp nie. Daarom het sy lede die kandidate van die parlementêre front oral ondersteun. Hy besef egter dat die stembus alleen nie by magte is om ons volk sy vryheid te gee nie. Die Ossewabrandwag wil daarom in die eerste plaas ons volk verenig en hom dan so voorberei en dissiplineer dat hy enige middel wat die omstandighede mag bied, te baat sal neem om sy vryheid mee te verkry.

# VERSPREI DIE DINAMIET

Die Ossewabrandwaggedagte is so kragtig soos dinamiet. Geen mag kan daarteen bestand wees nie, **maar dan moet dit aangewend word.** Daar is vandag duisende Afrikaners in verskillende politieke groepe of partye. Sommige van hierdie Afrikaners dors na dieselfde eenheid waarna die Ossewabrandwag strewe, maar omdat hulle dit nog nooit binne een of ander party in eie volksgeledere kon vind nie, het baie selfs probeer om daardie eenheid buite hul bloedverband te gaan soek. As ons dink aan die kleinlikheid van die partypolitiek wat in die teenparty niks anders as verraad en laagheid sien nie, is hierdie mense se houding verstaanbaar. As ons besef dat die lig waarby hulle gehandel het, verskaf is deur die partypolitieke opvatting dat die vreemdeling wat reg stem, nader staan as die Afrikaner wat verkeerd stem, moet ons medelye hê met hulle.

Hierdie mense dors na dieselfde eenheid as ons, **maar tussen hulle en ons staan die muur van onkunde. Hulle kan slegs ons standpunt aanvaar as hulle dit te hore of te lese kry. Waar Die O.B. tans hierdie eenheidsgedagte daadkragtig propageer, laat elke intekenaar op ons blad dit SY WERK MAAK om toe te sien dat hy sy blad onder die aandag bring van 'n Afrikaner in 'n ander kamp.** Gee die blad ook aan Afrikaners binne die Verenigde Party, sodat hulle bewus kan word van die eenheidsgedagte van die Volksbeweging waarvolgens hulle nie as ,,verraaiers'' nie, maar as volksgenote bejeën word.

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

# *Geklassifiseerde Advertensies*

**Tarief vir Geklassifiseerde Advertensies: 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël, minimum 4/- per plasing, streng vooruitbetaalbaar. Kaapland stuur aan Posbus 1411, Kaapstad. Transvaal, Vrystaat en Natal stuur aan Posbus 4892, Johannesburg.**

## GEBOORTE

VAN NIEKERK. — Aan Sakkie en Elsie van Niekerk van Bethel, Edenville, 'n fris O.B.-seun. Gebore op 3 Augustus 1943.

MINNAAR. — Aan Veldkt. en mev. J. S. L. Minnaar, Zebediela Landgoed, Transvaal, 'n O.B.-dogter op 5 Augustus. Geplaas deur Oupa en Ouma Miller, Smithfield.

BARNARD. — Aan mnr. en mev. R. Barnard, Langhoek, Groot Brakrivier, 'n fris dogter op 24 Julie 1943.

## VERLOWING

BLOM — BLOM: Vreugdeklokkies kondig aan dat die verlowingsbootjie van Katie en Piet, albei van Sutherland, op 1 Augustus 1943, van wal geseil het, en onder Gods leiding veilig voort vaar na die hawe van eenheid, liefde en geluk.

## GELUKWENSING

Verjaarsdagwens aan C. J. Pretorius: Ons wens jou Gods rykste seën toe op jou geboortedag. Wanneer jy hierdie sien moet jy weet dat jy altyd in ons gedagte is en dat ons gereeld bid dat God jou eersdaags veilig aan ons terug sal besorg. Met al ons liefde. **Nellie en Annatjie, Bainsvlei.**

Verjaarsdagwens aan C. J. Pretorius: Ons dierbare kind en broer, daar dit al meer dan 'n jaar is wat jy al weg is en daar die 17e jou verjaardag was, wens ons as ouers, broers en suster, jou van harte geluk. Ons hoop en vertrou dat jy nie weer in die hande van ons teenstanders sal val nie. Lees Psalm 34 vers 8. Van jou **ouers, broers en suster,** Bloemfontein.

## GROETE

Hiermee wens Korporaal en mev. Hendrik Coetzer van die Werda Kommando's, wie vertrek het na Upington, al hul vriende en mede-brandwagte wie hulle nie 'n handdruk kon gee nie, te groet en die beste seën toe te wens.

## DANKBETUIGING

Hiermee wens ek my innige dank te betuig aan die O.B.-Kommando van Stella, vir die gee en kranslegging op die graf van my oorlede man, Jacobus Barnard, gewese Asst. Veldkt. van die Kommando. Die bedroefde weduwee Johanna Barnard.

## MEEGEVOEL

LE GRANGE. — Die Beaufort-Wes Suid distrik Manne- en Vroue-Kommando's betuig hiermee hul innigste meegevoel met die familie van oom Andries le Grange, Fortuin, distrik Beaufort-Wes, heengegaan op 2 Julie.

Getroue vader, vriend en kameraad, jou plek is leeg oom Andries, maar ons gun jou die rus. Tot Weersiens.

## BENODIG

BOEKHOUDSTER of Boekhouer, vir Algemene Handelaars besigheid. Vorige ondervinding nie nodig nie. Doen dadelik aansoek met vermelding van bekwaamheid en getuigskrifte by: **Mnr. J. S. Badenhorst, Posbus 3, Albertinia.**

DAME vir damesafdeling van Uitrustersbesigheid. Goeie besoldiging. Moet tweetalig wees en deeglike ondervinding vir inkoop sowel as verkoop hê. Sluit getuigskrifte, en indien moontlik kiekie in en meld wanneer dienste aanvaar kan word. Doen **onmiddellik** aansoek: **Hugo, Bus 6, Worcester.**

## HERSTELWERK

BRING u ou hoede vir herstel na mev. **Verster, Sasbankgebou, 2e Vloer, Kamer 30, Bloemfontein.** Goeie werk teen die billikste pryse gewaarborg.

## KENNISGEWING

Weens die droogte sal Kommandant J. Ras, Beaufort-Wes Suid distrik Manne-Kommando, afwesig wees vir 'n onbepaalde tyd. Veldkornet F. Rothner, Sandbult, P.K. Rietbron, oor Willowmore, sal solank ageer in die plek van Kommandant Ras. Alle navrae, korrespondensie, ens., moet dus gerig word aan Veldkornet Rothner.

## TE KOOP

PLASE: KALWERPAN—2,000 morge, huis, 3 kampe, 2 damme met windpompe. Jakkalsproef.

DU TOITSDRAAI. — 6,204 morge, huis, 6 kampe, 4 damme met windpompe, Jakkalsproef, volop doringbome vir pale en vuurmaak. Lê aangrensend. Beide vir groot- en kleinvee. Tien en twaalf myl van Hopetown. **J. H. v. d. Walt, Soutpansput, Hopetown.**

GUERNSEY-bulletjies altyd op hand. Van 4 tot 12 maande oud. Alle beeste deur my geteeld is geregistreer. Stoet-bul van die beste in ons land. Bottervet van 'n baie hoë gehalte. Eienaar is lid van Guernsey-Beestelers-Vereniging. Om pryse en besonderhede skryf aan: **J. G. Kemp, Bus 16, Kirkwood.**

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**

## TE KOOP

BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 3/6. Besems vir huishoudelike gebruik 2/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. **J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

S.A.-Grafsteen en Monumentwerke (Edms.) Bpk., waarby ingelyf is Die Suid-Afrikaanse Monumentewerke. Grafstene, Randmure ens. Vir meer besonderhede skryf aan Posbus 2, Maitland, of telefoneer 5-4420, of na-ure 5-2823. Adres: Voortrekkerweg, Maitland.

GESERTIFISEERDE Arran-Chief moere van Outeniqualand-Saadaartappelkwekersvereniging teen 25/- per sak. Kontant met bestelling. Doen aansoek by Sekretaris: **R. Barnard, Langhoek, Grootbrakrivier.**

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.**

**DEEL in die Winste.** — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6679, Johannesburg.

AARTAPPELMOERE. — Bied aan Arran-chief-moere met A-sertifikaat teen 25/- per sak. Ook ongesertifiseerde moere, maar goed, 20/- per sak 153 pond V.O.S. George-stasie. Kontant met bestelling. Doen aansoek by **H. D. Metelerkamp, Groothoek, Posbus 47, George.**

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertröe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 384, Pretoria.**

BROEIEIERS van Australorps, Wit Leghorns, Rhodes, Geel Orpington- en Leghornkruising £2-5-0 per 100. 7/- per dosyn. Dagoudkuikens £6 per 100. Besonderhede van **J. S. Viljoen, posbus 183, Bethlehem.**

SPEELSKEIE van harde en taai houtsoorte word aangebied. Bottelvormige skeie 3/9. Vierkantige kop 4/6. **Koos Botha, P.S. Serpentine, George.**

HOENDERS. — Australorps en Road Island Reds, jong hane, ongeregistreerd. Gewaarborg opreg geteeld, 10/6 elk. Doen aansoek by: **Eksteen, Posbus 58, Marquard.**

W. F. CARSTENS
(Edms.) Bpk.
BEGRAFNISONDERNEMERS en BLOEMISTE
Centralweg 52, Fordsburg
Beckettsgebou, Presidentstraat, Johannesburg
DIENS ONOORTREFLIK — PRYSE LAAG

## O.B.-Funksie, Harrismith

Ons hou ons jaarlikse O.B.-funksie op 21 Augustus in die Park te Harrismith. Boerwors en skaapvleis sal te koop wees. 'n Basaar sal gehou word. Jukskei en ander vermaaklikhede sal daar ook wees.

Voeg
DIE DAAD
by
DIE WOORD
Rook

DE KOCK'se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: **D. D. DE KOCK**
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS !*

V.M.K. AANBEVEEL.

116 Takke 44,000 Lede — AVBOB — Reserwefonds £113,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

HUISRAADMAKER, YSTERSMID EN SKRYNWERKER
D. J. VAN ZYL
LEIPOLDTVILLE
Ook maker van
MOTORWIELWAENS EN KARRE

'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:

,,Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses.''

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: ,,'N BOODSKAP AAN U''.

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.

Ek stel belang in ____________________

Naam ____________________

Adres ____________________

(O.B., 18 Aug. 1943.) ____________________

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D. Litt. et Phil. (Leiden).

HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE

VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG

POSBUS 3512 — FOON 22-3512